TARZEC® 320 WG

HERBICIDE

Registration number/Registrasienommer L10760 Act/Wet No. / Nr. 36 of / van 1947

READ THE LABEL BEFORE USE
KEEP OUT OF REACH OF CHILDREN AND ANIMALS

GROUP	B & O	HERBICIDES

Water dispersible granule herbicide for selective, early post-emergence control of broadleaf weeds and some annual grasses in wheat in the Western Cape and irrigated areas in the summer rainfall region.	**'n Waterverspreibare korrel-onkruiddoder vir selektiewe, vroeë na-opkomsbeheer van breëblaaronkruide en sommige eenjarige grasse in koring in die Wes-Kaap en besproeiingsareas in die somerreënvalgebied.**

WARNING

HAZARD STATEMENTS:
May be harmful if swallowed.
Causes serious eye irritation.
Very toxic to aquatic life with long lasting effects.

PRECAUTIONARY STATEMENTS:
Wash skin thoroughly after handling.
Wear protective gloves/protective clothing/eye protection/face protection.
IF IN EYES: Rinse cautiously with water for several minutes. Remove contact lenses, if present and easy to do. Continue rinsing.
If eye irritation persists: Get medical advice/ attention.
Collect spillage.
Dispose of contents/container in accordance with applicable regulations.

ACTIVE INGREDIENTS/AKTIEWE BESTANDDELE

ARYLEX® (Halauxifen-methyl) ..... 70 g/kg .....ARYLEX® (Halauxifen-metiel)
(pyridine compound) (piridienverbinding)

Pyroxsulam (Triazolopyrimidine) ……..…..250 g/kg.....Pyroxsulam (Triasolopirimidien)

NET MASS …….…….. g.....**NETTO MASSA**

REGISTRATION HOLDER / REGISTRASIEHOUER:
CORTEVA AGRISCIENCE RSA (PTY) LTD / (EDMS) BPK
REG NO 1991/003030/07
Lakefield Office Park, Block A, 2nd Floor
272 West Avenue, CENTURION, 0157 South Africa
® Trademark of Corteva Agriscience™ and its affiliated companies

Batch number ……..... Lotnommer
Date of manufacture ……..... Vervaardigingsdatum
Expiry date ……..... Vervaldatum

UN NO : 3077

Poisons Helpline: +27(0)861 555 777
Local Emergency no: +27(0)82 895 0621 (SA only)
Information Hotline tel no: +27(0)12 683 5700

---Internal Use---

WARNINGS:

HAZARD STATEMENTS:
May be harmful if swallowed.
Causes serious eye irritation.
Very toxic to aquatic life with long lasting effects.

Wheat – allow 42 days between application and grazing by livestock.

Handle with care.
May cause severe eye irritation.
May cause skin irritation.
Store in a cool, dry place and in original container.
Store away from food, feed, drugs, drinking water, seed, and other agricultural chemicals.
Store out of reach of children, uninformed persons, and animals.
Very toxic to fish and other aquatic organisms.

RE-ENTRY: Do not enter treated area until spray deposit has dried unless wearing protective clothing.

DISCLAIMER:

Although this remedy has been extensively tested under a large variety of conditions the registration holder does not warrant that it will be efficacious under all conditions because the action and effect thereof may be affected by factors such as abnormal soil, climatic and storage conditions; quality of dilution water, compatibility with other substances not indicated on the label and the occurrence of resistance of weeds against the remedy concerned as well as by the method, time and accuracy of application. The registration holder furthermore does not accept responsibility for damage to crops, vegetation, the environment or harm to man or animal or for lack of performance of the remedy concerned due to failure of the user to follow the label instructions or to the occurrence of conditions which could not have been foreseen in terms of the registration. Consult the supplier or registration holder in the event of any uncertainty.

PRECAUTIONS:

PRECAUTIONARY STATEMENTS:
Keep away from heat, hot surfaces, sparks, open flames, and other ignition sources. No smoking.
Wear protective gloves/protective clothing/eye protection/face protection.
IF SWALLOWED: Immediately call a POISON CENTRE or doctor/physician. Do NOT induce vomiting.
IF ON SKIN: Wash with plenty of water.
IF IN EYES: Rinse cautiously with water for several minutes. Remove contact lenses, if present and easy to do. Continue rinsing. Immediately call a POISON CENTRE/doctor.
Dispose of contents/container in accordance with applicable regulations.

Do not inhale dust or spray mist.
Avoid eye and skin contact.
Wear suitable protective clothing, gloves, eye, and face protection when handling the concentrate.
Wash contaminated clothing after use.
Wash with soap and water after use.
Do not eat, drink, or smoke whilst mixing or applying the product or before washing hands and face.
Avoid drift of spray mist onto other crops, grazing, rivers, dams, and areas not under treatment.
Prevent contamination of food, feeds, drinking water and eating utensils.

---Internal Use---
---Internal Use---

RELEVANT SUBSTANCES:

COMPONENT	CAS no.	Concentration (% w/w)
Cloquintocet	88349-88-6	35,39
Pyroxsulam (ISO)	422556-08-9	25,51
Halauxifen-methyl	943831-98-9	6,95
Sodium lignosulfonate	8061-51-6	>= 10 - < 20
Citric acid	77-92-9	>= 3 - < 10
Fatty acid chlorides, C18 unsatd., reaction products with sodium N-methyltaurinate	Not assigned	>= 1 - < 3

SYMPTOMS OF HUMAN OVER-EXPOSURE:

May cause severe eye irritation and corneal injury.
Prolonged contact may cause moderate skin irritation with local redness.
Prolonged skin contact is unlikely to result in absorption of harmful amounts.

FIRST AID MEASURES:

Never give fluids or induce vomiting if patient is unconscious or is having convulsions.

Ingestion:

Contact a physician. The decision of whether to induce vomiting or not should be made by a physician.

Eye contact:

Flush eyes thoroughly with water for 15-20 minutes. Remove contact lenses if present after initial 1-2 minutes and continue flushing for several additional minutes. Consult a physician, preferably an ophthalmologist.

Skin contact:

Remove contaminated clothing. Immediately wash skin with soap and plenty of water for 15-20 minutes. Wash contaminated clothing before re-use.

Inhalation:

Immediately remove patient to fresh air. Consult a physician.

NOTE TO PHYSICIAN:

There is no specific antidote. Treatment based on judgement of physician in response to symptoms of patient.

---Internal Use---
---Internal Use---

RESISTANCE PREVENTION AND MANAGEMENT

TARZEC 320 WG is a combination of a synthetic auxin-type herbicide (Group O) and an ALS (**A**ceto**L**actate **S**ynthase) enzyme inhibiting herbicide (Group B). This product controls plants by disrupting normal growth patterns and/or by inhibiting production of the enzyme essential for production of certain amino acids needed for normal plant growth.

Since **TARZEC(R) 320 WG** has two different modes of action, resistance is less likely to develop than in the case of certain other herbicide groups. However, some naturally occurring weed biotypes resistant to **TARZEC® 320 WG** or other similar herbicides may exist through normal genetic variability in any weed population. The resistant individuals can eventually dominate the weed population if herbicides with the same modes of action are used repeatedly. These resistant weeds will not be controlled by **TARZEC® 320 WG** or other similar herbicides.

TO DELAY THE SELECTION OF RESISTANT WEEDS

- Integrate tillage, crop rotation or mechanical control methods (including non-selective herbicides) during the fallow period into weed control programs whenever practical.
- Avoid exclusive repeated use of herbicides from the same mode of action group. Plan crop rotations to allow use of herbicides from different mode of action groups.
- Maintain herbicide use records for each field.
- Prevent movement of resistant weed seeds and vegetative material to other fields by cleaning harvesting and tillage equipment and planting clean seed.
- When grazing, begin with fields with the least weed resistance before moving to fields with high resistance due to the possibility of animals spreading the seed.
- Inspect all fields annually to identify the development of resistance early.

For further advice on the prevention of herbicide resistance contact your Corteva Agriscience™ representative.

In the case where the above-mentioned measures are not followed, Corteva Agriscience™ will not be liable for any damage which may occur if **TARZEC® 320 WG** does not control resistant weeds.

USE RESTRICTIONS AND NOTES OF USE.

Not to be used as an aerial application.
Do not apply **TARZEC® 320 WG** to wheat undersown with legumes.
Do not apply **TARZEC® 320 WG** to crops that are stressed by severe weather conditions such as cold weather, heavy rain or the risk of freezing temperatures, drought, waterlogging, nutrient deficiency, disease, insect or nematode damage or carry-over herbicide residues.
Temporary crop injury may occur after application of **TARZEC® 320 WG** but this does not result in reduced yield.
Apply the product strictly in accordance with the application directions.
Do not contaminate any water bodies e.g., dams, rivers, boreholes, etc.
TARZEC® 320 WG should only be applied **ONCE** per season.

---Internal Use---
---Internal Use---

MINIMUM RECROPPING INTERVAL AND CROP ROTATION GUIDELINES

The minimum recropping interval includes the time of last application of **TARZEC® 320 WG** to the anticipated date of replanting. The intervals specified below will only be valid if favourable soil moisture and temperature conditions prevail to promote more rapid breakdown of **TARZEC® 320 WG** through microbial activity. Abnormally dry and/or cold conditions may result in slower degradation.

Careful consideration should be given to crop rotation plans prior to using **TARZEC® 320 WG**.

To avoid injury to subsequent crops the following recropping intervals should be observed:

Following crops	**Waiting periods**
Barley, oats, wheat	One month
Cotton, dry beans, groundnuts, potatoes, sorghum, soya beans	Five months
Canola, lupines, peas	Nine months
Maize, sunflowers	14 months

For all other follow crops not listed, a replanting period of at least **24 months** must be observed preceded by a test planting. Test strips of the desired follow crop should be planted and monitored during germination and emergence for any abnormal growth to determine if the follow crop can be grown successfully. The land should always be deeply ploughed before a follow crop is planted.

CROP FAILURE

In the event of crop failure – after a crop has been treated with **TARZEC® 320 WG**, it is possible to plant cereals one (1) month after the application. In this case soil must be ploughed before planting a succeeding crop.

WEEDS NORMALLY CONTROLLED BY TARZEC® 320 WG:

Broadleaf weeds

*Arctotheca calendula****	Cape weed
Chenopodium album	White goosefoot
Emex australis	Spiny emex
Polygonum aviculare	Prostrate knotweed
*Raphanus raphanistrum****	Wild radish

***Where ALS resistant weeds occur, variable control can be expected.

---Internal Use---
---Internal Use---

Grasses

Avena fatua	Common wild oats
*Bromus diandrus****	Ripgut brome
*Bromus japonicas****	Japanese brome
*Phalaris minor***	Little seeded canary grass

** Variable control may be expected.
*** Where ALS resistant ***Bromus*** **spp.** occur, variable control can be expected.

NOTES:

1. **TARZEC® 320 WG** controls certain weed species as listed above. Other annual grasses and broadleaf weed species that were not present during the development trials may also be controlled to a certain degree. The registration holder does not accept any responsibility for weeds not listed.

2. **TARZEC® 320 WG** spray applications alone or in tank mixtures will not control weeds which have not yet emerged at the time of spraying.

DIRECTIONS FOR USE **Use only as directed.**

GENERAL INFORMATION

TARZEC® 320 WG is a water dispersible granular herbicide for selective early post-emergence control of broadleaf weeds and some annual grasses as listed above in the Western Cape and irrigated areas in the summer rainfall region.

TARZEC® 320 WG must be mixed with clean water and applied as a uniform broadcast spray by means of ground application.

TARZEC® 320 WG must be applied early post-emergence, to the main flush of actively growing weeds. Warm, moist growing conditions promote active weed growth and enhance the activity of **TARZEC® 320 WG** by allowing maximum foliar uptake and activity.

Weeds hardened off by cold weather or drought stress may not be adequately controlled or suppressed and re-growth may occur. For the best results, ensure thorough spray coverage of target weeds. **TARZEC® 320 WG** should be applied prior to crop growth reaching a density which would inhibit effective coverage of the weeds.

TARZEC® 320 WG must be applied to young weeds at the seedling stage but before they are beyond the four-leaf stage. Weeds should also be actively growing under moist conditions. Weeds under drought stress may be less susceptible.

TARZEC® 320 WG inhibits growth of susceptible weeds. Visible symptoms may occur within 2-4 weeks under ideal growing conditions and up to 6-8 weeks under adverse conditions (prolonged periods of extremes in temperature or moisture).

Under certain conditions **TARZEC® 320 WG** may cause some senescence and/or yellowing of lower/older leaves of the crop but will have no significant effect on the yield.

Optimum application temperature is between 8 and 25°C, but treatments can be done at temperatures as low as 5°C.

Weed control may take longer under colder conditions but final control is not affected. Avoid applying **TARZEC® 320 WG** at temperatures below 5°C or when nighttime temperatures are below freezing.

---Internal Use---

On lands with high grass weed populations a suitable “burndown” herbicide treatment prior to planting is recommended to reduce the later in-crop weed pressure and competition. Use of short-growing wheat cultivars with good early vigour can also help to shade out grass weeds. The degree of efficacy of a **TARZEC® 320 WG** application may then increase with a less dense weed pressure.

TRACE ELEMENTS

TARZEC® 320 WG is compatible when used separately with one of the trace elements manganese sulphate ($MnSO_4$), zinc oxide (ZnO_2) or copper oxychloride. Under no circumstances should multiple trace elements, or foliar feed formulations containing more than two trace elements, be tank mixed with **TARZEC® 320 WG**.

ALWAYS REFER TO PRODUCT LABELS.

NOTES:

(i) **WHERE ONE OF THE ABOVE PRODUCTS IS USED IN A TANK MIXTURE WITH TARZEC® 320 WG, FULL DETAILS FROM THE RELEVANT LABEL MUST BE OBTAINED AND ADHERED TO.**

(ii) The compatibility of **TARZEC® 320 WG** in tank mixtures with recommended products may be influenced by the formulation of these products. The quality of the water may also have an effect on these tank mixtures. Since the formulation of other products may change without the knowledge of Corteva Agriscience RSA (Pty) Ltd and the quality of water may vary from farm to farm, a physical compatibility test should always be carried out prior to application. Corteva Agriscience RSA (Pty) Ltd does not accept any responsibility for the crop tolerance of these tank mixtures where the formulation of products has changed or for mixtures with products not listed above.

DO NOT add any product to the mixture that will lower the spray solution pH below a value of 6.

Consult your local representative for details.

MIXING INSTRUCTIONS

TARZEC® 320 WG is a water dispersible granule that is easily dissolved in water if the following mixing procedures are implemented:

- Fill the spray tank up to a quarter- to half-full of water.
- Start the agitation.
- **TARZEC® 320 WG** should always be pre-mixed with water to form a slurry. Add the required quantity of **TARZEC® 320 WG** to a bucket of water, stir immediately until the granules are dispersed and add the prepared **TARZEC® 320 WG** slurry directly to the spray tank.
- Rinse container used for pre-mixing and add rinse water to spray tank.
- Add then the required amount of recommended complementary herbicide needed.
- Continue agitation while topping up the spray tank with water until the final volume has been obtained.
- Thoroughly re-agitate before re-using if a stoppage of spraying operations should occur for some reason.

---Internal Use---
---Internal Use---

GROUND APPLICATION

TARZEC® 320 WG on its own with recommended herbicides can be applied with any medium or high volume sprayer equipment with an efficient agitation mechanism which is capable of adequate coverage and even distribution. Best results are obtained using flat fan-type spray nozzles and applying a minimum spray volume of 200 litres water per hectare.

CROP	RATE/HA	REMARKS
WHEAT	**80 g TARZEC® 320 WG**	Apply between two-leaf stage until the two-nodes stage of the crop when weeds are in the seedling stage and actively growing (two- to four-leaf).
Ensure that information listed under "DIRECTIONS FOR USE" is adhered to. Ensure thorough coverage of weeds to achieve effective control. Weeds screened off by a dense stand of the crop and/or other weeds causing insufficient spray coverage, may be poorly controlled. Consider this aspect when deciding on spray application timing. Weeds germinating after application of **TARZEC® 320 WG** will not be controlled as it has no strong soil residual activity. Degree of control obtained, and duration of effect depend on weed species, weed size, growing conditions at, and following the period of application.		

SPRAYER CLEAN-UP

To prevent any damage to subsequent crops, other than wheat, all traces of **TARZEC® 320 WG** must be removed from the mixing and spraying equipment.

Proceed as follows:

a) The spray tank should be drained immediately after spraying crop. Wash any contamination off the outside of the sprayer with clean water.

b) The inside of the spray tank should be rinsed with clean water and flushed with at least one tenth of the spray tank volume through the hoses and nozzles. Drain the tank completely.

c) Half-fill the tank with clean water and add the correct amount of cleaning agent, such as household ammonia. Per 100 litres of final tank volume, add 350 ml ammonia (9,5% ammonia) to the water e.g., in the case of a 1 000 litres spray tank, fill with 500 litres water and add 3,5 litres (= 10 x 0,35 ℓ) ammonia.
The initial solution now prepared, which is double strength, should be thoroughly mixed. This solution is used for flushing the hoses and nozzles for approximately one minute. The remainder is then filled up to the final volume of the spray tank and allowed to stand for 15 minutes with the agitation running. After 15 minutes have elapsed, flush the boom and hoses again and drain the tank completely.

d) Remove the nozzles and filters, and allow to soak in a bucket containing 40 ml of household ammonia per 10 litres of water.

e) Rinse the tank again with water and flush at least one tenth of the tank volume through the boom and hoses.

f) Dispose of the rinse water safely. Do not spray onto sensitive crops or land intended for planting with sensitive crops.

---Internal Use---
---Internal Use---

Precautions with spray clean-up

- Do not inhale the vapour of the cleaning agents.
- Avoid contact with eyes and skin.
- In case of contact with eyes and skin immediately rinse with plenty of water and seek medical advice.
- Keep out of reach of children, uninformed persons, and animals.
- Keep cleaning agents only in original containers.

STORAGE AND DISPOSAL

Storage conditions

Store away from sun and damp, in original tightly closed containers, in a well-ventilated area apart from food and feed under lock and key. Avoid storage above 35°C.

Product and container disposal

Do not re-use empty containers for any other purpose, especially not for storing water, food, or feed. Perforate and flatten the containers before disposing of them in the prescribed manner.

Destroy empty containers or surplus product in an industrial incinerator approved for agricultural chemicals. Do not bury in or spray onto any area under agricultural use. Empty containers should be rinsed thoroughly with clean water and pour rinse solution in the spray tank.

Poisons helpline: +27(0)861 555 777
Local emergency no: +27(0)82 895 0621 (SA only)
24 Hour Emergency tel no: +32 3 575 5555
Information Hotline tel no: +27(0)12 683 5700

® Trademark of Corteva Agriscience™ and its affiliated companies. All unauthorised reproduction of this label is forbidden.

---Internal Use---
Internal Use---

WAARSKUWINGS

RISIKOVERKLARINGS:
Kan skadelik wees indien ingesluk word.
Veroorsaak ernstige oogirritasie.
Baie giftig vir waterlewe met langdurige nagevolge.

Koring – laat 42 dae tussen toediening en beweiding deur vee verloop.

Hanteer versigtig.
Mag erge oogirritasie veroorsaak.
Mag velirritasie veroorsaak.
Berg in 'n koel, droë plek en in oorspronklike houer.
Bêre weg van voedsel, voer, medisyne, drinkwater, saad en enige ander landbouchemikalieë.
Hou buite bereik van kinders, oningeligte persone en diere.
Baie giftig vir visse en ander akwatiese organismes.

HERBETREDING: Moet nie behandelde gebied betree voordat die spuitneerslag droog is nie, behalwe indien beskermende oorklere gedra word.

VRYWARING

***Alhoewel hierdie middel omvattend onder 'n groot verskeidenheid toestande getoets is, waarborg die registrasiehouer nie dat dit onder alle toestande doeltreffend sal wees nie, aangesien die werking en effek daarvan beïnvloed kan word deur faktore soos abnormale grond-, klimaats- en bergingstoestande; die gehalte van verdunningswater; verenigbaarheid met ander stowwe wat nie op die etiket aangedui is nie; en die voorkoms van weerstand in onkruide teen die betrokke middel; asook die metode, tyd en akkuraatheid van toediening. Verder aanvaar die registrasiehouer nie verantwoordelikheid vir skade aan gewasse, plantegroei, die omgewing of vir enige nadelige effek op mense of diere, of vir 'n gebrek aan prestasie van die betrokke middel as gevolg van die gebruiker se versuim om etiketaanwysings na te kom, of weens die ontstaan van toestande wat nie kragtens die registrasie voorsien kon word nie. Raadpleeg die verskaffer of registrasiehouer waar onsekerheid bestaan*.**

VOORSORGMAATREËLS

VOORSORGVERKLARINGS:
Vermy hoë temperature, warm oppervlaktes, vonke, oop vlamme en ander ontstekingsbronne.
Moenie in die onmiddellike omgewing rook nie.
Dra beskermende handskoene/beskermende klere/oogbeskerming/gesigbeskerming.
INDIEN INGESLUK: Ontbied onmiddellik 'n GIFSENTRUM-beampte of dokter/geneesheer.
MOENIE braking aanhelp nie.
INDIEN OP DIE VEL: Was met baie water.
INDIEN IN OË: Spoel vir 'n paar minute versigtig met water uit. Indien kontaklense gedra word, verwyder indien moontlik en hou aan met spoel. Ontbied onmiddellik 'n GIFSENTRUM-beampte/dokter.
Gooi inhoud/houer ooreenkomstig toepaslike regulasies weg.

---Internal Use---

Moet nie stof of sproeinewels inasem nie.
Vermy kontak met die oë en vel.
Dra geskikte beskermende klere, handskoene, oog- en gesigbeskerming wanneer die konsentraat hanteer word.
Was besoedelde klere na gebruik.
Was met seep en water na gebruik.
Moet nie eet, drink of rook tydens vermenging of toediening van die produk of voordat hande en gesig gewas is nie.
Vermy sproeinewelwegdrywing na ander gewasse, weiveld, riviere, damme en areas nie onder behandeling nie.
Voorkom die besoedeling van voedsel, voer, drinkwater en eetgerei.

RELEVANTE STOWWE:

KOMPONENT	**CAS No.**	**Konsentraat (% w/w)**
Klokwintoset	88349-88-6	35,39
Piroksulam (ISO)	422556-08-9	25,51
Halauxifen-metiel	943831-98-9	6,95
Natrium lignosulfonaat	8061-51-6	>= 10 - < 20
Sitroensuur	77-92-9	>= 3 - < 10
Vetsuurchloriede, C18 onversadigde reaksieprodukte met natrium N-metieltaurinaat	Nie toegewys	>= 1 - < 3

SIMPTOME VAN MENSLIKE BLOOTSTELLING
Kan ernstige oogirritasie en horingvliesskade tot gevolg hê.
Langdurige velkontak mag matige irritasie met lokale rooiheid veroorsaak.
Langdurige velkontak sal onwaarskynlik tot absorpsie van skadelike hoeveelhede lei.

NOODHULPBEHANDELING:

Moet nooit vloeistowwe per mond toedien of braking aanhelp indien die pasiënt bewusteloos is of stuiptrekkings het nie.

Inname:
Kontak ’n geneesheer. ‘n Geneesheer moet besluit of braking aangehelp moet word of nie.

Oogkontak:
Spoel oë vir 15-20 minute deeglik met water.
Verwyder kontaklense, indien teenwoordig, en spoel oë ononderbroke vir 1-2 minute, waarna dit sporadies vir nog etlike minute gespoel moet word.
Raadpleeg ‘n geneesheer, verkieslik ‘n oogarts.

Velkontak:
Verwyder gekontamineerde klere. Spoel vel onmiddellik vir 15-20 minute met seep en genoegsame water. Was gekontamineerde klere voor hergebruik.

---Internal Use---
---Internal Use---

Inaseming:
Verskuif die pasiënt na ‘n plek met voldoende vars lug.
Raadpleeg ’n geneesheer.

NOTA AAN GENEESHEER:
Daar bestaan geen spesifieke teenmiddel nie. Die geneesheer sal behandeling gee op grond van die pasiënt se simptome.

WEERSTANDSVOORKOMING EN -BESTUUR

TARZEC® 320 WG is ’n kombinasie van ‘n sintetiese ouksien-tipe onkruiddoder (Groep O) en ’n ALS (**A**ceto**L**actate **S**ynthase) ensiem-inhiberende onkruiddoder (Groep B). Hierdie produk beheer breëblaarplante deur die normale groeipatrone te versteur en/of deur die vervaardiging van die ensiem wat nodig is vir die produksie van sekere aminosure betrokke by normale plantegroei te inhibeer.

Aangesien **TARZEC® 320 WG** twee metodes van werking het, sal weerstand heel moontlik vertraag word in vergelyking met ander onkruiddodergroepe. Weens natuurlike genetiese variasie in enige onkruidpopulasie, mag sommige onkruidbiotipes wat in die natuur voorkom egter weerstandbiedendheid toon teen **TARZEC® 320 WG** of ander soortgelyke onkruiddoders. Indien onkruiddoders met dieselfde werking herhaaldelik gebruik word, kan hierdie weerstandbiedende individue uiteindelik die onkruidpopulasie domineer. Hierdie weerstandbiedende onkruide sal nie deur **TARZEC® 320 WG** of ander soortgelyke onkruiddoders beheer word nie.

BESTUURSAKSIES OM SELEKSIE VAN WEERSTANDIGE ONKRUIDE TE VERMINDER

- Waar prakties moontlik, pas bewerkingspraktyke, wisselboustelsels of ander meganiese beheerstelsels (insluitend die gebruik van nie-selektiewe onkruiddoders) toe.
- Vermy die herhaaldelike gebruik van onkruiddoders met dieselfde metode van werking. Beplan gewasrotasie sodat onkruiddoders met verskillende metodes van werking gebruik word.
- Hou rekord van onkruiddodergebruik op elke land.
- Voorkom die verspreiding van weerstandbiedende saad asook vegetatiewe materiaal na ander lande deur stropers en ploeë gereeld skoon te maak en onkruidvrye saad te plant.
- Om die verspreiding van saad deur diere te verhoed, laat bewei eers lande met die minste onkruidweerstand voordat vee geskuif word na lande met hoë weerstand.
- Ondersoek alle lande jaarliks om moontlike weerstand vroegtydig te identifiseer.

Kontak u Corteva Agriscience™-verteenwoordiger vir verdere advies rakende die voorkoming van onkruiddoderweerstandigheid.

Indien die voorafgaande maatreëls nie nougeset nagekom word nie, kan Corteva Agriscience™ geen aanspreeklikheid aanvaar ten opsigte van enige verliese wat mag ontstaan indien **TARZEC® 320 WG** nié weerstandige onkruide beheer nie.

---Internal Use---
---Internal Use---

GEBRUIKSBEPERKINGS EN -NOTAS.

Moet nie as ‘n lugbespuiting gebruik nie.
Moet nie **TARZEC® 320 WG** toedien op koring wat met peulgewasse ondersaai is nie.
Moet nie **TARZEC® 320 WG** toedien op gewasse wat onder stremming verkeer weens strawwe weerstoestande soos koue of ysige temperature of swaar reëns, droogte, versuiping, nutriënttekorte, siekte, insek- of aalwurmskade of onkruiddoderoordrag nie.
Tydelike gewasskade mag na toediening van **TARZEC® 320 WG** voorkom, maar sal nie tot ‘n oesverlaging lei nie.
Dien die produk streng volgens die gebruiksaanwysings toe.
Moet geensins waterbronne soos damme, riviere, boorgate, en dies meer besoedel nie.
TARZEC® 320 WG mag slegs **EEN** maal per seisoen toegedien word.

MINIMUM WAGTYDPERKE EN WISSELBOU-AANWYSINGS

Die minimum wagtydperk dui op die tydsverloop vanaf die laaste toediening van **TARZEC® 320 WG** tot die verwagte aanplantingstyd van 'n opvolggewas. Die tydperke wat hieronder gespesifiseer is, geld slegs indien gunstige grondvog- en temperatuurtoestande, wat spoedige afbraak van **TARZEC® 320 WG** deur mikrobiese aktiwiteit bevorder, heers. Abnormale droë en/of koue toestande mag vertraagde afbraak teweegbring.

Skenk deeglike oorweging aan wisselboubeplanning voordat **TARZEC® 320 WG** gebruik word.
Die volgende wagtydperke moet in ag geneem word ten einde skade aan opvolggewasse te voorkom:

Opvolggewasse	**Wagtydperk**
Koring, gars, hawer	Een maand
Aartappels, droëbone, grondbone, katoen, sojabone, sorghum	Vyf maande
Erte, kanola, lupiene	Nege maande
Mielies, sonneblomme	14 maande

‘n Wagtydperk van ten minste **24 maande** word aanbeveel vir alle ander gewasse wat nie gelys is nie, elke tydperk deur ‘n toetsplanting voorafgegaan moet word. Toetsstroke van die verlangde opvolggewas moet aangeplant en tydens ontkieming en opkoms gemonitor word vir enige abnormale groei, om te bepaal of die opvolggewas suksesvol verbou kan word. Die land moet altyd eers diep geploeg word voordat opvolggewasse geplant word.

MISOESTE
In die geval van misoes nadat die gewas met **TARZEC® 320 WG** behandel is, is dit moontlik om kleingraangewasse een (1) maand na toediening te plant. In so ‘n geval moet die grond eers geploeg word voordat die opvolggewas geplant word.

---Internal Use---
---Internal Use---

ONKRUIDE WAT NORMAALWEG DEUR TARZEC® 320 WG BEHEER WORD:

Breëblaaronkruide

*Arctotheca calendula****	Gousblom
Chenopodium album	Withondebossie
Emex australis	Kaapse dubbeltjie
Polygonum aviculare	Koperdraadgras
*Raphanus raphanistrum****	Ramenas

*** Wisselvallige beheer kan verwag word waar ALS-bestande onkruide voorkom.

Grasse

Avena fatua	Gewone wildehawer
*Bromus diandrus****	Predikantsluis
*Bromus japonicas****	Hooigras
*Phalaris minor***	Kleinsaadkanariegras

** Wisselvallige beheer kan verwag word.
*** Waar ALS-bestande ***Bromus*** **spp.** voorkom, kan wisselvallige beheer verwag word.

GEBRUIKSAANWYSINGS **Gebruik slegs soos aangedui**

ALGEMENE INLIGTING

TARZEC® 320 WG is 'n waterverspreibare korrel vir die selektiewe, vroeë na-opkomsbeheer van breëblaaronkruide en sommige eenjarige grasse in die Wes-Kaap en besproeiingsareas in die somerreënvalgebied.

TARZEC® 320 WG moet met skoon water gemeng word en as ‘n eenvormige, breedwerpige grondbespuiting toegedien word.

TARZEC® 320 WG moet as ‘n vroeë na-opkomsbehandeling toegedien word op jong en aktiefgroeiende onkruide. Warm, vogtige klimaatstoestande bevorder die groei van onkruide wat weer blaaropname en die doeltreffendheid van **TARZEC® 320 WG** bevorder.

Onkruide wat deur koue weer of droogtestres verhard is, kan tot onvoldoende beheer of onderdrukking lei en hergroei kan moontlik plaasvind. Vir die beste resultate, verseker deeglike bedekking van die teikenonkruide. Dien **TARZEC® 320 WG** toe voordat die gewas te dig raak en doeltreffende bespuiting van die onkruide beperk.

Gebruik **TARZEC® 320 WG** op jong onkruide in die saailingstadium, maar voor dit die vier-blaarstadium verbysteek. Onkruide moet aktief onder vogtige toestande groei. Onkruide wat onder droogtestremming verkeer, mag minder sensitief wees.

TARZEC® 320 WG inhibeer die groei van gevoelige onkruide. Tekens is binne 2-4 weke onder ideale groeitoestande sigbaar. Onder ongunstige toestande (verlengde tydperke van uiterste temperature of vog), sal tekens tot en met 6–8 weke na toediening sigbaar wees.

TARZEC® 320 WG mag, onder sekere omstandighede, blaarafsnoering en/of vergeling van die onderste/ouer blare van die gewas veroorsaak. Dit sal geen effek op die opbrengs hê nie.

Die optimale toedieningstemperatuur is tussen 8 en 25°C, maar toedienings kan teen temperature van so laag as 5°C geskied.

---Internal Use---
---Internal Use---

Onder koeler toestande kan onkruidbeheer langer neem, maar finale beheer word nie beïnvloed nie. Vermy toediening van **TARZEC® 320 WG** teen temperature onder 5°C of wanneer nagtemperature onder vriespunt is.

Op lande met hoë grasonkruidpopulasies word ‘n geskikte voorplant-bespuiting (*burndown*) aanbeveel om latere in-gewas onkruiddruk en mededinging te verlig. Die gebruik van kortgroei koringkultivars met goeie vroeë groeikrag, kan ook help om grasonkruide te oorskadu. Die mate van doeltreffendheid van ‘n **TARZEC® 320 WG-**toediening mag dan verhoog tesame met die verminderde onkruiddruk.

SPOORELEMENTE

TARZEC® 320 WG is mengbaar wanneer dit afsonderlik saam met een van die spoorelemente mangaansulfaat ($MnSO_4$), sinkoksied (ZnO_2) en koperoksiechloried gebruik word. Veelvoudige spoorelemente of blaarvoedingsformulasies wat meer as twee spoorelemente bevat, moet onder geen omstandighede in ‘n tenkmengsel saam met **TARZEC® 320 WG** gebruik word nie.

VERWYS ALTYD NA DIE PRODUKETIKET.

NOTAS:

(i) **WAAR EEN VAN DIE BOGENOEMDE PRODUKTE SAAM MET TARZEC® 320 WG IN 'N TENKMENGSEL GEBRUIK WORD, MOET VOLLEDIGE ETIKETINLIGTING VAN DIE BETROKKE PRODUK VERKRY EN NAGEVOLG WORD.**

(ii) Die verenigbaarheid van **TARZEC® 320 WG** met aanbevole produkte in tenkmengsels, kan deur die formulasie van hierdie produkte beïnvloed word. Die gehalte van die water kan ook 'n invloed op hierdie tenkmengsels hê. Aangesien die formulasie van ander produkte sonder die medewete van Corteva Agriscience RSA (Edms) Bpk kan verander en die gehalte van water ook van plaas tot plaas kan wissel, moet ‘n fisiese verenigbaarheidstoets altyd voor bespuiting uitgevoer word. Corteva Agriscience RSA (Edms) Bpk aanvaar geen verantwoordelikheid vir gewasverdraagsaamheid van hierdie tenkmengsels, waar die formulasie van produkte verander het of vir mengsels met produkte wat nie hierbo genoem word nie.

MOET GEEN produkte gebruik wat die pH van die spuitoplossing na ’n waarde onder 6 sal verlaag nie.

Vir verdere inligting, raadpleeg u plaaslike verteenwoordiger.

MENGINSTRUKSIES

TARZEC® 320 WG is 'n waterverspreibare korrel wat maklik met water meng indien die volgende vermengingsinstruksies nagekom word:

- Vul die spuittenk kwart- tot halfvol met skoon water.
- Aktiveer die roer-aksie.
- **TARZEC® 320 WG** moet vooraf met water gemeng word om ’n bry (*slurry*) te vorm. Voeg die verlangde hoeveelheid **TARZEC® 320 WG** in 'n emmer water en roer totdat al die korrels opgelos het. Voeg die voorbereide **TARZEC® 320 WG** bry (*slurry*) by die spuittenk.
- Spoel die houer wat vir voorafvermenging gebruik is uit en voeg die spoelwater in die spuittenk by.
- Voeg die nodige hoeveelheid van aanbevole komplementêre onkruiddoders soos nodig by.
- Vul die tenk verder met water totdat die verlangde volume in die spuittenk bereik is.

---Internal Use---

GRONDTOEDIENING

TARZEC® 320 WG kan op sy eie toegedien word met enige medium- of hoë-volume spuittoerusting wat met 'n doeltreffende roermeganisme toegerus is en wat goeie bedekking en eweredige verspreiding verseker. Die beste resultate word verkry deur van platwaaierspuitpunte gebruik te maak en 'n minimum spuitvolume van 200 liter water per hektaar toe te dien.

GEWAS	DOSIS/HA	OPMERKINGS
KORING	**80 g TARZEC® 320 WG**	Dien tussen die twee-blaarstadium en die twee-nodestadium van die gewas toe en wanneer die onkruide in die aktiefgroeiende saailingstadium is (twee- tot vier-blaar).

Verseker deeglike bedekking van onkruide om doeltreffende beheer te verkry. Waar onkruide deur 'n digte stand van die gewas en/of ander onkruide beskut word, kan dit onvoldoende sproeibedekking met gevolglike swak onkruidbeheer tot gevolg hê. Neem hierdie aspek in ag wanneer op die spuittoedieningstyd besluit word. Onkruide wat na toediening van **TARZEC® 320 WG** ontkiem, sal nie beheer word nie aangesien hierdie produk oor geen sterk grond-residuele nawerking beskik nie.

Die graad van beheer en duur van uitwerking hang af van die onkruidspesie, onkruidgrootte en groeitoestande gedurende en na toediening.

SKOONMAAK VAN SPUIT

Om daaropvolgende skade aan gewasse anders as koring te vermy, moet alle **TARZEC® 320 WG-**residue direk na toediening, deeglik uit die meng- en spuittoerusting verwyder word.

Gaan soos volg te werk:

a) Dreineer die spuitstelsel onmiddellik na gewasbespuiting. Was enige kontaminasie aan die buitekant van die tenk met skoon water af.

b) Spoel die binneoppervlak van die tenk met skoon water. Spuit ten minste een tiende van die tenk se kapasiteit deur die pype en spuitpunte. Dreineer die tenk deeglik.

c) Maak die tenk halfvol met skoon water en voeg die korrekte hoeveelheid skoonmaakmiddel by. Vir elke 100 liter van die finale tenkvolume, voeg 350 ml huishoudelike ammoniak (9,5% ammoniak), in die water. (Bv. in die geval van 'n 1 000 liter spuittenk, vul dit met 500 liter water en voeg 3,5 liter [=10 x 0,35 ℓ] huishoudelike ammoniak by).

   Die oorspronklike mengsel, wat nou dubbelsterkte is, moet deeglik geroer en vir ongeveer een minuut deur die pype en spuitpunte gespoel word.

   Voeg dan water by die oorblywende mengsel totdat die tenk vol is. Laat hierdie mengsel vir 15 minute in die tenk staan terwyl geroer word. Sodra 15 minute verloop het, spuit weer alles deur die pype en spuitpunte. Dreineer die tenk deeglik.

---Internal Use---
---Internal Use---

d) Verwyder spuitpunte en siwwe, en plaas in 'n emmer wat 40 ml huishoudelike ammoniak per 10 liter water bevat.

e) Spoel die tenk weer deeglik met skoon water uit. Spuit ten minste een tiende van die tenk se kapasiteit deur die pype en spuitpunte.

f) Spuit alle spoelwater veilig weg. Moet dit nie op sensitiewe gewasse of op lande wat vir die plant van sensitiewe gewasse geoormerk is, spuit nie.

Voorsorgmaatreëls by skoonmaak van spuittoerusting

- Moet nie die skoonmaakmiddeldampe inasem nie.
- Vermy oog- en velkontak.
- In geval van oog- en velkontak, spoel onmiddellik met genoegsame water en verkry mediese advies.
- Hou buite bereik van kinders, oningeligte persone en diere.
- Hou skoonmaakmiddels slegs in die oorspronklike houers.

BERGING EN VERNIETIGING

Bergingstoestande

Bêre weg van sonlig en vogtigheid, in oorspronklike en dig-toegemaakte houers, in 'n goed geventileerde area, weg van voedsel, voer, en agter slot en grendel. Vermy berging bo 35°C.

Produk- en houervernietiging

Leë houers moet nie vir enige ander doel nie hergebruik word nie, veral nie vir die stoor van water, voedsel en voer nie. Perforeer en druk die houers plat voordat dit op die voorgeskrewe wyse weggemaak word.

Vernietig leë houers of oorskotproduk in 'n industriële verbrandingsoond wat vir landbouchemikalieë goedgekeur is. Moet dit nie begrawe in of spuit op enige gebied wat onder landboudoeleindes gebruik word nie. Leë houers moet deeglik met skoon water uitgespoel word. Gooi hierna die spoeloplossing in die spuittenk.

Gif-hulplyn: +27(0)861 555 777

Plaaslike noodnommer: +27(0)82 895 0621 (slegs SA)

24-uur Noodnommer: +32 3 575 5555

Inligtingsnoodlyn: Tel nr: +27(0)12 683 5700

® Handelsmerk van Corteva Agriscience™ en sy geafillieerde maatskappye. Enige ongemagtigde reproduksie van hierdie etiket word verbied.

---Internal Use---
Internal Use